### Elohim se 'toorn' by die sondvloed

**143**(Die Meester:) "Ja, Elohim se Wysheid kan Haar wel verset wanneer mense wat reeds ontwikkel en minstens halfpad geryp is, moedswillig en ook kwaadwillig teen die orde van Elohim opstaan; maar daarvoor is daar dan weer die Liefde van Elohim, wat in Haar groot geduld altyd deugdelike middele teenoor die verkeerde neigings van die mense weet te stel en hulle weer op die regte pad bring, waardeur ten slotte My einddoel met die mensdom tog altyd bereik moet word, sonder dat die mens soos `n masjien daartoe gedwing word deur die een of ander almagtige wraak van Elohim.

[2] Maar selfs hierdie middele moet nie as `n gevolg van die toornige, goddelike mag gesien word nie, maar suiwer as `n gevolg van die verkeerde handelswyse van die mense. Die wêreld en die natuur het immers binne die bestaande, korrekte orde van Elohim noodsaaklike en onveranderlike, onontkombare wette saamgekry; die mens is egter ook aan sulke wette onderworpe wat sy vorm en sy liggaamlike wese aanbetref. As die mens hom nou op die een of ander wyse teen hierdie orde wil verset en die wêreld wil omvorm, dan word hy daarvoor, nie deur Elohim se toorn gestraf nie, maar deur die aangetaste, strenge en vasstaande goddelike orde in die dinge self, wat so moet wees soos dit is.

[3] Jy vra jouself nou af of die sondvloed ook as `n natuurlike, en noodsaaklike gevolg van `n verkeerde handelswyse gesien moet word. En Ek sê vir jou: Ja, so is dit! Meer as honderd sieners en bodes het Ek opgewek, en Ek het die volke gewaarsku teen hul handelswyse wat teen die natuurlike en goddelike orde ingegaan het, en Ek het hulle meer as honderd jaar lank uiters ernstig gewys op die verskriklike gevolge vir hul liggaam en hul siel, wat noodsaaklikerwys die gevolg daarvan sou wees; maar hul boosaardige moedswilligheid het so ver gegaan dat hulle in hulle blindheid die bodes nie net bespot het nie, maar baie selfs gedood het, en sodoende letterlik die stryd met My aangeknoop het. Maar tog word Ek daarom nie van toorn of wraaksug kwaad nie, maar Ek laat hulle hul gang gaan en die droewige ervaring opdoen wat onverstandigheid en onkunde - wie self skuldig was aan wat julle is - met Elohim se groot natuur en ordening beslis nie alles mag doen wat hulle in hul blindheid goeddink nie.

[4] Kyk, dit staan jou vry om op die hiervandaan na die suide geleë, ongeveer vyfhonderd manslengtes hoë rots te klim en jou dan moedswillig vooroor van die hoë rotswand na benede te laat val! Volgens die noodsaaklike wet van swaartekrag, wat vir alle liggame geld, sal dié moedswilligheid jou sekerlik jou liggaamlike lewe kos. Vra jouself eers af of My toorn en My wraak die oorsaak daarvan is!

[5] Daar na die ooste sien jy hoë bergreekse wat baie dig bebos is. Gaan met tien maal honderd duisend mense daarheen, lê vuur aan en verbrand al die bosse, dan sal die berge heeltemal kaal wees! Wat sal dit egter tot gevolg hê? Die talle daardeur werklose en naak geworde natuurgeeste sal dan in die vrye lug begin te woed en te raas. Ontelbare weerligte, wolkbreuke van die verskriklikste aard, en voortdurende haelbuie sal daarop die hele wye omgewing vernietig. Dit is alles `n baie natuurlike gevolg van die vernieling van die bosse. Sê eers of ook daar weer sprake is van Elohim se toorn en Sy wraak!

[6] As tien maal honderd duisend mense egter druk besig is om berge af te grawe en groot mere op te vul, of om uiters breë bane aan te lê ten einde makliker oorlog te kan voer; as mense hele bergreekse dagreise ver afskuins tot `n hoogte van vierhonderd tot vyfhonderd manslengtes, of gragte rondom die berge grawe van tweehonderd tot driehonderd manslengtes diep, en daardeur die inwendige watersluise van die aarde open, sodat die berge begin versink in die leeggeworde groot waterbekkens, en die water so begin styg dat dit in Asië byna bokant die hoogste toppe van die berge soos `n see begin voortgolf. Daarby kom nog dat by hierdie groot verwoesting van die berge talle honderd duisend maal honderd duisende hektare van die bosrykste streke saam vernietig was, waardeur tallose miriades van aard- en natuurgeeste, wat voorheen die hande vol gehad het aan die mooiste en weelderigste plantegroei, nou opeens vry en werkloos geword het, vra jouself dan maar eers af hoe die geeste toe in die lugstreke tekere sou gegaan het! Watter storms en massale wolkbreuke, watter haelmassas, en hoeveel ontelbare weerligte is daar toe meer as veertig dae lank uit die wolke na die aarde geslinger, en watter watermassas sou hulle toe oor byna die hele Asië versprei het, en dit alles deur louter natuurlike oorsake! Sê eers, was dit weer Elohim se toorn en Sy onversoenlike wraak?!

[7] Moses beskryf hierdie geskiedenis netsoos al die ander in die gebruiklike skryftrant van toe, dit wil sê in beelde waarin hy, geïnspireer deur die Goddelike Gees, steeds My voorsienigheid duidelik laat uitkom, wat egter slegs deur middel van egte en ware gelykenisse te verwesenlik is.

[8] Maar is Elohim dan `n Elohim van toorn en wraak omdat jy en talle ander Sy groot openbarings nog nooit verstaan het nie?"

### Die ontstaan van rampe

**144**(Die Meester:) "Ek sê vir jou: Leef slegs vyftig jaar lank volgens Elohim se orde, dan sal julle van enige ramp nooit iets te siene, te hore, te ondergaan

of te lye kry nie!

[2] Ek sê vir julle: Alle onheil, epidemies, allerlei siektes by mense en diere, slegte weer, maer en onvrugbare jare, vernietigende hael, groot, alles vernietigende oorstromings, orkane, groot storms, groot sprinkaanplae en dergelike meer, is louter gevolge van handelswyse van die mense wat die teen die orde ingaan!

[3] As die mense soveel moontlik volgens die gegewe orde sou lewe, sou hulle dit alles nie hoef te verwag nie. Die jare sou mekaar soos pêrels aan `n snoer opvolg, die een net so geseënd soos die ander. Die bewoonbare deel van die aarde sou nooit deur te groot koue of te groot hitte gepla word nie. Maar wanneer die slim en besonder intelligente mense uit hulleself allerlei dinge onderneem wat ver bo hul eie behoefte uitstyg, wanneer hulle op aarde te groot bouwerke, en te oordrewe verbeterings uitvoer, hele berge afgrawe om heersersweë aan te lê, as hulle talle honderd duisende hektare met die mooiste bosse vernietig, as hulle ter wille van goud en silwer te diep gate in die berge slaan, as hulle ten slotte self onder mekaar in voortdurende twis en onenigheid lewe, terwyl hulle tog altyd deur `n groot aantal intelligente natuurgeeste omring is wat sowel vir die weer as die suiwerheid en gesondheid van die lug, die water en die bodem sorg. Is dit dan te verwonder dat hierdie aarde steeds meer geteister word deur ontelbare kwale van allerlei aard?!

[4] Gierige en hebsugtige mense sluit hul skure met slot en grendel toe, en stel bowendien nog streng bewakers aan by hul meer as oorvloedige skatte en rykdom, en wee diegene wat daar onbevoeg by sou wou kom, hulle sou dadelik hardhandig gearresteer word!

[5] Ek wil nie daarmee sê dat iemand sy moeisaam verworwe eiendom nie moet beskerm nie; Ek het dit hier oor hoogs onnodige, tot in die onmeetlik reikende oorvloed. Sou dit dan nie uitvoerbaar wees om ook skure te bou waar elke arme en swakke sou kon kom nie, sy dit dan onder toesig van die wyse gewer wees sodat geen arme meer sou neem as wat hy vir sy lewensonderhoud nodig het nie? As die hebsug en die gierigheid van die aarde op hierdie wyse sou verdwyn, sou ook - luister goed na My! - alle maer jare op aarde verdwyn.

[6] Jy vra hoe dit dan moontlik is. En Ek antwoord daarop: Op die natuurlikste wyse ter wêreld, dit wil sê: as mens ook maar `n bietjie op hoogte is van die innerlike werking van die hele natuur, dan moet mens dit nie alleen baie gou insien nie, maar dan is dit selfs baie voor die hand liggend!

[7] Daar voor ons staan nog die geneeskragtige plant en daar bietjie verder na vore die uiters skadelike, giftige plant! Voed beide hulle nie met dieselfde water, met presies dieselfde lug, en met dieselfde lig en dieselfde warmte nie? En tog sit hierdie plant vol geneeskrag en die ander vol dodelike gif!

[8] Ja, waarom is dit so? Omdat die geneeskragtige plant danksy sy innerlik goed geordende karakter al sy omringende natuurgeeste in ooreenstemming bring met sy goeie aard, waarop hulle in alle vriendelikheid en vreedsaamheid, die plant voedend, hulle na hom voeg sowel van buite af as van binne-uit, waardeur alles in die hele plant heilsaam word, en oordag in die sonlig sal sy uitwaseming en sy in die wye omtrek omgewende natuurgeeste sowel op mense asook op talle diere `n buitengewoon heilsame invloed uitoefen.

[9] By die gifplant daar, waarin `n baie selfsugtige en grimmige, toornige karakter hom huisves, word egter dieselfde natuurgeeste ook deur hierdie karakter beïnvloed en sodoende heeltemal verander; hulle voeg hulle eweneens, die plant voedend, na hom en hulle hele karakter word daarop heeltemal gelyk aan die oorspronklike karakter van hierdie plant. Maar ook sy omgewing en as’t ware sy uitwaseming is giftig en skadelik vir die menslike gesondheid, en die diere kom met hulle gevoelige neuse nie in sy buurt nie."